DIE VOORTREKKERS

NOORD-KAAP SENIOR PD- EN VERKENNER-GEBIEDKAMPE 21 SEPTEMBER- 28 SEPTEMBER 2019

BODEMVAS GEDRAGSKODE VIR OFFISIERE, HEEMRADE, STAATMAKERS EN DIENSDOENDE VOLWASSENES

Alle offisiere, heemrade, staatmakers en diensdoende volwassenes wat aan die Noord-Kaap Senior PD en Verkennerkampe deelneem, onderneem die volgende gedragskode:

In die volle besef van die groot voorreg om met die Voortrekker seuns en - dogters van Kaapland te werk en die besondere verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan, onderneem ek om tydens hierdie Gebiedskamp:

Met my eie voorbeeld die jeuglede te motiveer om die Voortrekker-kode daadwerklik na te leef.

lojaal te wees teenoor my mede-offisiere op die kamp, en veral teenoor diegene wat leiding neem;

te alle tye die menswaardigheid van die jeuglid te respekteer, en hom/haar nie te verneder deur te skree of bars op te tree nie;

met my taalgebruik en kleredrag, en ook in my openbare optrede teenoor die teenoorgestelde geslag, my Christen wees sigbaar uit te dra;

noulettend te wees ten opsigte van kindermolestering of kindermishandeling en dit simpatiek aan te meld en te hanteer;

*met betrekking tot persoonlike gewoontes van rook en drag my by **die Voortrekkers** se gedragskode te hou en nie aanstoot tot mede kampgangers te gee nie;*

geen drank op die kamp te gebruik nie, wat ook al my beleid tuis of op vorige kampe was.

VERKORTE GEDRAGSKODE VAN DIE VOORTREKKERS VIR 'N VOLWASSE LID VAN DIE VOORTREKKERS

Wees ‘n ABC-offisier wat weet waaroor Voortrekkers gaan

Leef jou Christenskap uit

Wees betroubaar Wees ‘n rolmodel vir die jeuglid

Respekteer almal om jou en wees daar vir hulle

Tree onberispelik op.

Weerhou jou van kerkistiese en partypolitieke uitsprake

Pas dissipline opbouend toe

Woon gereeld volwasse opleiding by.

Wees ‘n ambassedeur vir die Voortrekkers.

Wees altyd voorbereid, onpartydig en positief

Wees kreatief en entoesiasties